WILSENACH · VAN WYK

PROKUREURS ≈ ATTORNEYS

Glen Gables Retail & Office Park
Suite 3, Blok B Noord / Block B North,
h/v Gen Louis Botha & Lynnwoodweg / Cnr
Genl Louis Botha & Lynnwood Road
Lynnwood Glen
Posbus / P O Box 585 Pretoria 0001
Docex 86 Pretoria

Tel: (012) 348 8859
Faks / Fax: (012) 348 8836
Inter. Kode/Code (27 12)
www.wilsenachvanwyk.co.za

***e-pos: ebrenkman@wilsenachvanwyk.co.za***
***FAKS/FAX: 086 660 2742***

U verw/Your ref: DR. A J VAN WYK
Ons verw/Our ref: PAUL GOOSEN/EB/G3151/22
Datum/Date: 2009-08-24

**PER HAND**

Die trustees van
Tabok Trust
p/a Dr. A J van Wyk

Meneer

**WYSIGING: TABOK TRUST**

Ons verwys na bogenoemde aangeleentheid en sluit hierby vir u die volgende in:

1. 'n Brief van die Meester waarin hy bevestig dat hy kennis geneem het van die Wysigings aan die trustakte.

2. Twee oorspronklike afskrifte van die Wysigende Trustakte wat u hier by ons gelaat het.

Die uwe
Paul Goosen
**WILSENACH VAN WYK**

per::

the doj & cd

Department:
Justice and Constitutional Development
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

J.409

## MASTER OF THE NORTH GAUTENG HIGH COURT: PRETORIA

Private Bag X 60, PRETORIA, 0001/**06** • Master's Office, cnr Chur.20ch & Queen Streets, **PRETORIA**
**Tel (012) 339-7700, Fax (012) 323-5809**

Reference: **IT 8787/0.3**
Enquiries :
Tel Number: **339-7700 X**
Your reference:

**WILSENACH VAN WYK**
**PO BOX 585**
**LYNWOOD ROAD**
**0001**

**Sir / Madam**

**RE: THE TABOK TRUST**

We acknowledge receipt of your letter dated 22/07/2009.

Kindly take note that the amendments to the trust deed have been noted.

**Kind Regards**

MASTER VAN DIE NOORDGAUTENGSE HOF
PRIVAATSAK/PRIVATE BAG X60
2012 08 09
PRETORIA 0001
MASTER OF THE HIGH COURT (4)

**MASTER OF THE NORTH GAUTENG HIGH COURT**
**Department of Justice and Constitutional Development**
**TDM*

# TABOK - TRUST

**PROTOKOL NR:** 1695

**NOTARIëLE TRUST EN SKENKINGSAKTE**

HIERMEE WORD BEKEND GEMAAK:

DAT op hierdie 16de dag van Julie 2009 voor my

**ADAM JOHANNES VAN WYK**

Notaris Publiek deur wettige gesag behoorlik beëdig en toegelaat, wonende en praktiserende te PRETORIA in die Provinsie GAUTENG, Republiek van Suid-Afrika en in teenwoordigheid van die ondergetekende getuies, persoonlik gekom en verskyn het –

**ISAK LOUIS SMUTS**

in sy hoedanigheid as gevolmagtigde van

**LOUIS PETER BAARTMAN**

Identiteitsnommer: 700401 5031 086

(in sy hoedanigheid as oprigter)

kragtens volmag gedateer te **PRETORIA** op die 8ste dag van Julie 2009

welke volmag tans in my Protokol berus,

en

**ISAK LOUIS SMUTS**

in sy hoedanigheid as gevolmagtigde van

**JAKOBUS GERHARDUS JOHANNES SKEEN**

Identiteitsnommer: 751101 5040 081

(in sy hoedanigheid as TRUSTEE)

kragtens volmag gedateer te **PRETORIA** op die 6de dag van Julie 2009

welke volmag tans in my Protokol berus,

en

**ISAK LOUIS SMUTS**

Identiteitsnommer: 490222 5019 085

(in sy hoedanigheid as TRUSTEE)

**AANGESIEN** die **TABOK TRUST,** Nr IT 8787/03 'n trust inter vivos is wat opgerig is deur Louis Peter Baartman in sy hoedanigheid as Oprigter en Isak Louis Smuts en Jakobus Gerhardus Johannes Skeen in hulle hoedanighede as Trustees te **PRETORIA** op die 5 September 2007.

**En aangesien** die oprigter en Trustees begerig is om die trustakte te wysig;

**NOU DERHALWE KOM DIE PARTYE SOOS VOLG OOREEN:**

1.

Die trustakte wat te Pretoria op 5 September 2008 onderteken is deur die Oprigter en die Trustees word hiermee in sy geheel herroep en vervang met die bewoording soos hierin uiteengesit.

**GRONDSLAG**

2.1 Die grondslag van die Trust is om die Afrikaner 'n geleentheid te bied om self sy eie etos ten opsigte van kultuur, taal en godsdienstige beginsels ingevolge Artikel 31(1) van die RSA Grondwet uit te leef.

2.2 Om 'n bydrae te lewer ten opsigte van eie Afrikaanse Skole en Tersiêre Instellings waar daardie etos gehandhaaf word soos gedefinieer in Artikel 29(2), (3) en (4) van die RSA Grondwet.

2.3 Om te help bou aan eie kulturele en sportinstellings waar die Afrikaner homself vreedsaam kan uitleef, naas al die ander etniese kulturele groepe, soos gewaarborg in Artikel 235 van die RSA Grondwet.

2.4 Om 'n eie sportfederasie vir die Afrikaner – genaamd **Nasionale Afrikaner Volkseie Sportfederasie (NAVSFED)** te stig, eie mediese klinieke en ander Afrikanerinstellings te stig, te bedryf en uit te bou.

2.5 Om finansiële en ander voordele vir sy ondersteunerslede te skep of te help skep, synde 'n eie lidmaatskap; bankdebiet- en/of kaartstelsel wat aan voordele gekoppel is.



**DOELSTELLING**

Die doelstellings is daarop gemik om die etos van die Afrikaner se taal, kultuur en godsdiens te behou deur die volgende:

3.1 Om soveel moontlik Openbare Skole by te staan in hul bedryf as openbare Afrikaanse skole.

3.2 Om die Afrikaanse Taal, Etos en Kultuur in Afrikaanse Skole te help beskerm en te help ontwikkel.

3.3 Om 'n hoë onderwysstandaard ten opsigte van die kurrikulum in al die grade in Afrikaanse Skole te bevorder.

NIETEENSTAANDE enigiets tot die teendeel hierin vervat of impliseer, sal geen diskresie of bevoegdheid aan die Trustees of enige ander persoon verleen kragtens hierdie Trustakte, of kragtens enige regsreël, of wat voortspruit uit die uitoefening van enige bevoegdheid kragtens hierdie Trustakte aan die Trustees verleen, so uitgeoefen word en sal niks in hierdie Trustakte sodanige werking hê dat dit tot gevolg sou hê of sou toelaat dat enige gedeelte van die kapitaal of inkomste van die Trustfonds betaalbaar is of sal word vir die voordeel van die Skenker nie.

**ALDUS GEDOEN** en **GETEKEN** te **PRETORIA** op die dag, maand en jaar voormeld in teenwoordigheid van die ondergetekende getuies en die notaris publiek, wie in mekaar se teenwoordigheid geteken het.

AS GETUIES:

1. _____ _____
**I L Smuts**

2. _____

**QUOD ATTESTOR**

_____
**NOTARIS PUBLIEK**